



**VOERMOL**

# TERUGVOER FEEDBACK

Augustus 2010

*Ulrich Müller, Voermol Voere*

*Gedurende die wintermaande word proteïen in die vorm van 'n proteïenlek, wat hoog in ureum is, aangevul. Die doel van so 'n winterlek is om die produksie van mikro-organismes in die rumen te stimuleer en sodoende die vertering van droë weiding te verbeter. Gevolglik word die droë winterweiding beter benut en word massaverlies van weidende diere beperk.*

Gedurende die laat winter is daar min veld beskikbaar en moet weidende diere meer energie verbruik om voldoende hoeveelheid weiding in te neem. Verder is die meeste teelkoeie nou swaar dragtig en begin kalf. Die voedingbehoefte van die teelkoeie styg dus skerp. Gevolglik ontstaan daar 'n gaping tussen wat die weiding voorsien en wat die weidende dier benodig. Onder hierdie toestande verhoog die winterlekinnome omdat die dier poog om voldoende voedingstowwe vanuit die winterlek in te neem.

Hierdie hoë lekinname kan ernstige nadele vir die weidende dier inhou, soos te hoë sout- en ureuminname. Onder dié toestande moet meer voedingstowwe aan die weidende dier voorsien word. Dit kan d.m.v. 'n produksielek gedoen word of deur die voorsiening van addisionele hooi, kuilvoer, gespaarde veld, groenvoer, ensovoorts.

### **Produksielek**

'n Produksielek se aanbevole daaglikse innome is relatief hoog (1.5 tot 2 kg/dier/dag). Gevolglik is die voorsiening van produksielekke redelik duur. In die koei se produksiesiklus is die periode van laatdragtigheid en vroeë laktasie strategies uiters belangrik. Oormatige massaverlies tydens hierdie strategiese periode kan herkonsepsie met soveel as 30 % verlaag. Teen die agtergrond is die strategiese voorsiening van 'n produksielek (of addisionele ruvoer) koste effektief.

## Lekke vir die laat winter



*Korrekte voeding vir die eerste 60 dae na kalf is kritiek belangrik. Oorweeg 'n produksielek.*

Tabel 1: Produksielekke: 5 Opsies

Opsie	Produk	Aanbevole Inname
Opsie 1	<b>Voermol Produksielek</b> (V 10108) 'n Klaargemengde produksielek, met 'n proteïeninhoud van 25 %.	Beeste: 1 500 – 1 620 g/ bees/dag
Opsie 2	<b>Voermol Super 18</b> (V 355) 'n Klaargemengde produksielek, met 'n proteïeninhoud van 18 %.	Beeste: 1 400 – 2 000 g/ bees/dag
Opsie 3	<b>Voermol Premix 450</b> (V 4676) 'n Produksielek kan gemeng word deur gelyke dele mielie-meel met <b>Voermol Premix 450</b> te meng.	Beeste: 1 500 – 1 620 g/ bees/dag
Opsies 4 en 5	<b>Voermol Dundee Lekkonsentraat</b> (V 10737) kan met sout, mielie-meel en ander bestanddele as volg gemeng word om 'n produksielek van goeie gehalte te gee. Sien Tabel 2 vir menginstruksies.	Sien Tabel 2



Tabel 2: Menginstruksies: Opsies 4 en 5

Grondstowwe	Mengsel 4 (kg)	Mengsel 5 (kg)
Voermol Dundee Lekkonsentraat	200	250
Voermol HPK 36	100	-
Voermol Rumevite P12	50	50
Mieliemeel	400	550
Sout	150	150
<b>Totaal</b>	<b>900</b>	<b>1 000</b>
Aanbevole Inname vir Beeste	1 550 – 1750 g/bees/dag	1 520 – 1750 g/bees/dag

Mengsel 4: Geskik vir jong groeiende speenkalwers en lakterende verse op droë weiding.

Mengsel 5: Geskik vir volwasse lakterende koeie op droë weiding.

## Voeg Waarde tot Laegraadse Mielies

### Hendrik van Pletzen, Voermol Voere

*Kopvrot by mielies kan deur verskeie organismes veroorsaak word en sekere van die organismes skei 'n mikotoksien af wat giftig is. Die mees algemene organisme wat kopvrot veroorsaak, is *Stenocarpella maydis* (voorheen bekend as *Diplodia maydis*) en die voorkoms daarvan is in 'n groot mate gekoppel aan hoë reënval en meer spesifiek baie reën in die laat somer en herfs soos wat dit op baie plase die afgelope seisoen was. Die mielieprys is onder druk a.g.v. 'n groot oes en swak gehalte graan druk die prys nog verder af.*

### Die vraag ontstaan of hierdie mielies aan vee gevoer kan word en hou dit bepaalde risiko's in?

- Sover bekend, het diere wat gevoer is met *Stenocarpella maydis* besmette mielies in geprosesseerde vorm (soos in 'n voerkraal), nie *diplodiosis* opgedoen nie.
- Beeste en skape wat egter swambesmette mieliereste op die land gewei het, het *diplodiosis* opgedoen.
- Swamme is teenwoordig op die oppervlakte van die oesreste en met die vreet van die reste, word swamme ingeneem.
- Algemene simptome van *diplodiosis* is traagheid om te beweeg, bene wat wyd uitmekaar staan, 'n stywebeen stap, hardlywigheid, speeksel wat uit die bek vloei, somtyds bewerasie en verlamming.
- Siek diere moet so gou moontlik van die oesreste onttrek word en vars

onbesmette voer en water ontvang. 'n "Voordeel" van *diplodiosis* is dat die slukderm van siek diere nie aangetas word nie en gevolglik kan siek diere steeds vreet en redelik vinnig herstel.

- 'n Geringe heraanval van *diplodiosis* is moontlik, selfs tot 20 dae ná onttrekking vanaf die besmette weiding.
- Die grootste gevaar van *diplodiosis* is egter dat dit breinontwikkeling van ongebore lammers strem. Navorsing deur Onderstepoort toon dat dragtige ooie se lammers, wat in die laaste derde van dragtigheid swamme ingeneem het, baie swak was met geboorte. Lammers is wel lewend gebore, maar hulle was swak en kon nie suip nie en het gevolglik gevrek. Boere word dus aangeraai om nie besmette oesreste met laatdragtige diere (laaste derde van dragtigheid) te laat wei nie.

### Riglyne vir die voer van laegraadse mielies

- Laegraadse en selfs ondergraadmielies kan met groot sukses aan beeste en skape in 'n voerkraal of in produksielekmengsels gevoer word.
- Navorsing toon dat mielies wat met tot 60 % *Stenocarpella maydis* (*Diplodia*-kopvrot) besmet is, geen nadelige invloed op die groei en gesondheid van voerkraalbeeste en skape gehad het nie (Strydom, de Villiers, Oosthuizen & van Pletzen, 1986). In hierdie voedingsproewe is verskillende vlakke van 15 %, 30 %, 45 % en 60 % gebrekkige graan getoets teen 'n kontrole (Graad 1 mielies).
- Die vrywillige inname van swakker

gehalte mielies was hoër as dié van Graad 1 mielies en daarom was die voeromsetverhouding (VOV) swakker.

- By lammers het die VOV van 1:5.83 op Graad 1 mielies verswak na 1:7.3 by 60 % gebrekkig. Geen betekenisvolle verskille is in karkasmassas en uitslagpersentasies gekry nie.
- By jong osse het die VOV van 1:8.28 (Graad 1) verswak na 1:8.89 (60 % gebrekkig). Prakties beteken dit dus dat diere méér van die swakker gehalte mielies moet vreet as van Graad 1 mielies om dieselfde gewig aan te sit.
- Swak gehalte mielies moet met die regte afrondingskonsentraat vermeng word om goeie diereprestasie te verseker. **Voermol SB 100** (V4498) of **Voermol Beefmaker** (V7535) vir beeste en **Voermol SS 200** (V8592) vir skape is beproefde afrondingskonsentrate en lewer uitstekende resultate.
- Ondergraadmielies het feitlik nie 'n prys nie en deur die mielies "deur vee te bemark", kan tot 90 % van die prys van Graad 1 mielies gerealiseer word.
- Die werklike graad van gebrekkigheid sal die realisasierys bepaal. Die graad van gebrekkigheid kan ook verbeter deur Graad 1 mielies by te meng.

Indien enige twyfel bestaan oor die organisme wat kopvrot veroorsaak, moet die graan vir mikotoksiene ontleed word. Diere moet dopgehou word vir die simptome van vergiftiging en so gou moontlik onttrek word indien simptome voorkom. Siek diere wat vroegtydig geïdentifiseer is, herstel vinnig mits goeie gehalte voer en water voorsien word.



# SAMIC se Nasionale Karkaskompetisie

*Orpa Thirion, SAMIC en Malcolm Moodie, Voermol Voere*

*Samic se Nasionale Karkaskompetisie het in 1984 met 4 beeskarkaskompetisies begin. Volgens beraming is daar tans 1 277 produsente wat deur die jaar aan die streekskompetisies deelneem. Die karkasse wat tydens hierdie siklus kwalifiseer het, was soos volg:*

	Kommersiële	Ontluikende
Beesvleis	2 634	95
Lamsvleis	5 326	478
Bokvleis	203	83
Varkvleis	188	8

Hierdie jaar vind die kompetisie-prysuitdeling op 20 Augustus, by die Vryburgse Banketsaal plaas. Die onthaal, waar die nasionale wenners van die geborgde pryse ten opsigte van die onderskeie kategorieë aangekondig gaan word, sal deur sowat 350 streekskompetisie-deelnemers bygewoon word.

Die kompetisie-oogmerke sluit aan by die wêreldwye fokus op vleisgehalte en -veiligheid, wat daarop gemik is om karkasse te produseer wat met markspesifikasies en die vereistes van verbruikers strook.

## Karkaskompetisie 2009/2010: Rustenburgskou

By die laaste karkaskompetisie van die 2009/2010-siklus vir kommersiële boere op Rustenburg het mnr Abram Motlhabane van Bafilwe Trading, Thabazimbi uitgeblyk met sy Bonsmaras. Sy speenkalwers was deeglik afgerond en het die afdelings Kampioen Enkel op die hoof, Kampioen Groep op die hoof en Reserwe Kampioen Groep op die hoof gewen. Sy wenkarkas was die Reserwe Enkel Kampioen aan die haak met 'n punt van 98.3 %, en sy drie karkasse het die Kampioen Groep gewen, met 'n punt van 95.47 %.

Voermol wens mnr Motlhabane en mnr Stefan Naude van Rietvlei Feedlots, wie se karkas Kampioen Enkel aan die haak gewen het, geluk met hulle spogprestaties.

Mnr Motlhabane gebruik **Voermol SB 100** (V 4498) in 'n volledige voer wat met **Voermol Procon 33** (V 12701), chop en hooi gemeng word, en **Voermol Zilmol** (V 16978) in die laaste afrondingsfase.

## Wenner van die Nasionale Karkaskompetisie 2008/2009

Verlede jaar is Samic se Nasionale Karkaskompetisie deur mnr Erich Heroldt gewen, met 'n Bonsmara-kalf

uit sy eie kudde, gevoer in sy eie plaasvoerkraal naby Dwaalboom. Die wenkarkas het 99.97 % behaal.

Mnr Heroldt volg 'n eenvoudige koste-effektiewe lekprogram wat 'n hoë speenpersentasie by produserende melkkoeie verseker. Die kudde kry in die somer 'n mineraalaanvulling in die vorm van **Rumevite P12** (V 11994) gemeng met gelyke dele sout. In die droë wintermaande gebruik Mnr Heroldt 'n proteïen- of winteraanvulling soos **Voermol Premix 450** (V4676). Indien nodig, kry sogende koeie en verse teen die einde van die winter (Augustus tot September) 'n produksielek. Kalwers word teen omtrent sewe maande gespeen, met 'n speengewig van 240 tot 260 kg.

Snowy River Ranches-bulle en -verse is landwyd in aanvraag. Daar word omtrent 3 000 speenkalwers per jaar in sy voerkraal vetgevoer. Die voerrantsoen bestaan uit **Voermol SB 100** (V 4498), chop en hooi.

As u meer inligting wil hê, kontak asseblief u naaste Voermolagent of besoek [www.voermol.co.za](http://www.voermol.co.za).

Om Erich en Krystel Heroldt te kontak: Selfoon 082 472 7421. Tel. 014 778 0784. E-pos [snowyriver1@yahoo.com](mailto:snowyriver1@yahoo.com).



Mnr Motlhabane se Kampioen Groep van drie karkasse. Die regterkantse karkas was ook die Reserwe Enkel Kampioen.



Malcolm Moodie (Voermolagent), Abram Motlhabane (Bafilwe Trading) en Patrick Sekwatla Kwatla (Obaro).



# Omskep Groen Grasveld in 'n Voerkraal

Dr. Jasper Coetsee, Voermol Voere  
021 887 9559 ; 083 386 8382  
jasperco@iafrica.com

## Hoekom kan hoë groei nie op groen grasveld gehandhaaf word nie?

Groeiende speenkalwers wat groen natuurlike grasveld sonder enige lekaanvulling bewei, bereik dikwels nie hulle werklike groeipotensiaal nie. Die voorsiening van 'n tradisionele soutfosfaatlek waarborg ook nie maksimum groei nie omdat dit nie optimale hoeveelhede van sekere kritieke voedingstowwe voorsien nie. Weens die hoë voginhoud van groen sappige weiding ondervind vinniggroeiende diere 'n tekort aan energie en minerale. Afhangend van die gehalte en die hoeveelheid natuurlike groen grasveld handhaaf speenkalwers normaalweg 'n daaglikse groeitempo van 400 tot 600 g/kalf.

## Voordele van afronding van speenkalwers op groen grasveld

- Massatoename op weiding is goedkoper as in die voerkraal omdat minder kragvoeraanvulling (1.2 vs. 8 – 12 kg) benodig word.
- Minder arbeid word vereis omdat geen ruvoer gevoer hoef te word nie terwyl **Voermol Supermol** net elke tweede dag gevoer hoef te word.
- Voerkraalfasiliteite is onnodig.

## Wat is die voordele van die aanvulling van Voermol Supermol?

- Speenkalwers wat met 'n langwerkende oorinplantaat geïmplanteer is en 1.5 kg **Voermol Supermol** per dag op groen, gebrande natuurlike grasveld gevoer is, het 'n 77 % hoër groeitempo (1 060 vs. 600 g/dag) as die kontrolegroep, wat geen aanvulling ontvang het nie, gehad (Niemand, 1999).
- Met die aanvulling van **Voermol Supermol** (1.2 kg/kalf/dag) saam met die gebruik van 'n geslagspesifieke oorinplantaat kan tot 'n ekstra 400 – 600 g/dag groei gerealiseer word. Genoemde groeirespons verteenwoordig 'n baie koste-doeltreffende (2 tot 3 kg **Supermol**/kg massatoename) omsetting van **Supermol** na lewende massa.

- **Voermol Supermol** moet altyd saam met 'n geskikte oorinplantaat gebruik word omdat die groeirespons additief is weens die sinergistiese werking tussen die ionofoor in **Supermol** en die oorinplantaat. Gesamentlik kan hulle verantwoordelik wees vir 'n groeirespons van tot 25 % – 50 % en selfs hoër.
- Verplaas nie weidingsinname soos skoon grane nie, maar stimuleer weidingsinname.

## Wat is die voorvereistes om 'n goeie groeirespons te verkry?

- Die skielike oorskakeling van droë na baie sappige weiding moet met omsigtigheid geskied omdat laasgenoemde weiding lakserend is wat veroorsaak dat die diere heelwat massa verloor. Die voorsiening van addisionele droë ruvoer (bv. grashooi of strooi) gedurende die eerste week of twee sal in 'n groot mate help om diarree en massaverlies te beperk.
- Die beste respons met **Supermol** word gedurende die periode van maksimum weidingsgroei verkry. Hoe beter die gehalte van die weiding, hoe hoër is die groeitempo van die diere. Die weiding moet welig, jonk, aktief-groeiend en blaarryk wees. Vinniggroeiende onvolwasse weiding bevat meer proteïene, energie, minerale en vitamïene en het 'n hoër verteerbaarheid as volwasse gras wat 'n hoër kalfgroeitempo verseker.
- Die weidingstand moet dig en volop wees om 'n hoë inname en gevolglik 'n hoë groeitempo te verseker. Die hoogte van die weiding is ook 'n belangrike vereiste. Weiding wat tot 'n hoogte van 15 tot 20 cm gegroei word, maksimeer die hoeveelheid voedingstowwe wat per hap ingeneem word (Polan & Mowrey, 2000). Om 'n hoë groeitempo te handhaaf, moet die weiding nie korter as 10 cm gevreet word nie om te verseker dat daar voldoende weiding vir maksimum weiding- en dus energie-inname is.
- Sodra die kalwers op natuurlike veld, sonder 'n lekaanvulling, ± 500 – 600 g/dag groei, is dit 'n aanduiding dat die weiding in staat is om 'n hoë

groeitempo te onderhou. In hierdie stadium moet die diere met 'n geskikte oorinplantaat geïmplanteer word en **Voermol Supermol** moet daaglik of elke tweede dag teen 1.2 kg/bees/dag gevoer word.

## Watter tipe speenkalf gee die beste groeirespons?

- Pasgespeende kalwers groei swakker op groen natuurlike veld omdat hulle moeiliker en langer neem om aan te pas as gevolg van die speenskok. Voorkeur moet dus aan kalwers wat alreeds 'n paar weke gelede gespeen is of "oorwinterde" kalwers (long weaners) gegee word. Laasgenoemde diere doen uitstekend op **Supermol** weens kompensatoriese groei.
- Verskeie plaaslike proewe toon dat speenkalwers die hoogste massatoename toon indien hulle 215 tot 230 kg weeg wanneer hulle vir afronding op groen natuurlike veld geplaas word. Te ligte (minder as 200 kg) kalwers groei stadig omdat hulle baie moeiliker aanpas en omdat hulle nie in staat is om voldoende gras in te neem om 'n hoë groeitempo te handhaaf nie. Vir die vroeg- tot mediumryptipe word die hoogste daaglikse massatoename verkry met 'n aanvangsmassa van ongeveer 215 kg, terwyl in die geval van die laatryptipe, die swaarder kalf (± 275 kg) die hoogste groeitempo toon. Kruisraskalwers presteer beter weens verhoogde groei as gevolg van basterkrag hoewel goed aangepaste suiwerrasse ook goed vaar.

## Algemene riglyne om maksimum groeirespons te verseker

- Vir die beste resultate moet die kalwers in homogene groepe volgens massa en kondisie verdeel word en die onderskeie groepe moet in aparte kampe geplaas word.
- Om doeltreffende voeromsetting en 'n hoë groeitempo te verseker, moet diere met 'n doeltreffende doseermiddel ontworm word indien hulle met interne parasiete besmet is. Indien siektes voorkom wat die prestasie



# Omskep Groen Grasveld in 'n Voerkraal

4



van die diere kan benadeel, soos bv. pasteurella, moet hulle daarteen geïmmuniseer word.

- Kalwers wat oor lang afstande vervoer word asook ligte en pasgespeende kalwers is meer onderhewig aan stres wat tot verlaagde weidingsinname aanleiding gee asook die diere meer vatbaar maak vir siektes. Navorsing toon dat die aanvulling van anti-oksidadant spoorelemente (bv. mangaan, sink, selenium en koper) gedurende strestoestande voordele soos 'n verhoogde groeierespons inhou (Stokka, 1999; Chew, 2000) asook die diere se weerstand teen siektes verhoog (NRC, 1996). Speenkalwers moet daarom met Multimin + selenium + koper + chroom asook Vitamien A en E gespuit word.

## Wat is die mees koste-doeltreffende aanvullingstrategie?

- Met die aanvang van die reënseisoen is die groei van speenkalwers dikwels stadig omdat die weiding nog nie voldoende voedingstowwe voorsien om 'n hoë groeitempo te onderhou nie. Gedurende hierdie stadium sal dit meer koste-doeltreffend wees om slegs 'n fosfaatlek (bv. **Voermol Fosfaatblok** (V10264), **Voermol Rumevite P6** (V11995)

of **Voermol Superfos** (V17422)) te voorsien. Maksimum respons met **Voermol Supermol** en 'n ooringplantaat word verkry sodra die weiding van so 'n gehalte is dat die diere meer as 600 g/dag sonder enige aanvulling groei. Indien **Supermol** op hierdie stadium verskaf word, is 'n groei van tot 1.0 tot 1.2 kg/dag op goeie kwaliteit groen natuurlike grasveld moontlik. Sodra die weiding egter volwasse begin word en die pyp-ensaadstadium bereik, verlaag die groeitempo na  $\pm$  600 tot 800 g per dag. Op hierdie stadium kan **Voermol Supermol** om die helfte met 'n graanmeel gemeng en teen 2.5 tot 3 kg/dier/dag gevoer word om steeds 'n hoë groeitempo te handhaaf. As alternatief kan hierdie diere vir die laaste fase van hulle afronding in 'n voerkraal afgerond word. Vir voerkraalafronding kan 'n afrondingsmengsel van 200 kg **Voermol SB 100** (V4498) en 800 kg gemaalde mielies of chop gevoer word met *ad lib.* ruvoer wat apart voorsien word. Vir meer besonderhede oor afronding van speenkalwers raadpleeg [www.voermol.co.za](http://www.voermol.co.za).

- Vir die beste resultate moet die inname van die aanvullings op groen grasveld voortdurend gemonitor word om te verseker dat die diere die aanbevole hoeveelheid daaglik inneem om maksimum groeierespons te verseker.

## Alternatiewe gebruike van Voermol Supermol

- Voer **Voermol Supermol** as 'n prikkellek aan skraal koeie en verse op groen grasveld teen 1.2 kg/dier/dag vanaf 21 dae voor paring vir 42 tot 60 dae waarna na 'n fosfaat/soutlek oorgeskakel kan word. Hierdie praktyk het in die Ermelo-omgewing die kalfpersentasie van eerstekalfverse vanaf 63 tot 87.5 % verbeter.
- Vir die koste-doeltreffende uitgroei van suiwelverse vanaf ongeveer ses maande ouderdom is **Voermol Supermol** die ideale aanvulling op natuurlik groen grasveld (raadpleeg [www.voermol.co.za](http://www.voermol.co.za)).
- Die addisionele aanvulling van **Voermol Molovite** of **Voermol Supermol**, bo en behalwe 'n suiwelmeel, het die potensiaal om melkproduksie van melkkoeie, wat vanaf groen weidings gemelk word, met tot 1 – 2 kg/koei/dag te verhoog. Dit is waarskynlik as gevolg van die voorsiening van suiker (vanaf melasse), goeie gehalte deurvloeioproteïen, effektiewe vesel en 'n ionofoor (raadpleeg [www.voermol.co.za](http://www.voermol.co.za)).

Indien meer inligting oor somerlekkie verlang word, raadpleeg u naaste Voermolagent, [www.voermol.co.za](http://www.voermol.co.za), of stuur 'n e-pos aan [info@voermol.co.za](mailto:info@voermol.co.za).



Afronding op groenweiding met **Voermol Supermol** kan as een van die mees winsgewende produksiestelsels beskou word.



# Boeredae by die Bees- en Skaapboer van die Jaar

*Hendrik van Pletzen, Voermol Voere*

*Een van die doelwitte van die Nasionale Bees- en Skaapboer van die Jaar Kompetisie is om inligting van die wenner d.m.v. praktiese boeredae aan medeboere bekend te stel. Boere vind groot baat deur by medeboere te leer en vanjaar se twee boeredae is deur 'n totaal van 391 boere en belangstellendes bygewoon, wat wys hoe groot die belangstelling is.*

## **Beesdag by die Wink broers, Barkly-Oos**

Mnre. Thero en Vian Wink het aanvanklik met skape geboer, maar groot verliese a.g.v. ongediertes en diefstal, het hulle genoodsaak om totaal 'n ommekeer na beesboerdery te maak – hul hou nie eers slagskape aan nie! Dit is algemeen bekend dat skaapboerdery meer winsgewend as beesboerdery is, mits daar nie ernstige verliese is nie en die hulpbronne dit toelaat.

Met baie goeie bestuur behaal die Wink broers 'n bruto marge van R323/ha teenoor 'n groepgemiddelde van R213/ha van die finansiële studiegroep waarvan hulle behoort. In die studiegroep is daar boere wat net met skape boer en ander wat met skape en beeste boer. Veld is die Winks se grootste bate en met lang rusperiodes en kort, intensiewe weiperiodes verbeter hulle die groeikrag en spesiesamestelling van die veld. Hul

veelading is 5 ha/GVE met 'n langtermyn gemiddelde reënval van 725 mm per jaar. Die kwaliteit van die veld daal geweldig baie in die winter en **Voermol Dundeelkonsentraat** (V10737) word gebruik om 'n onderhoudslek en 'n jongbeeslek te meng. Die winters is baie straf met gereelde swaar sneeuvalle en daarom word kalwers vroeg op 5 ½ maande ouderdom gespeen. Koeie het dus 'n lang rusperiode wat help om 'n hoë speenpersentasie te verseker. Hul teelseisoen is kort (65 dae) en enige vers of koeie wat oorslaan, nie 'n kalf speen nie of enige reproduksieprobleem het, word uitgeskot. In die produksiejaar waarin hulle die kompetisie gewen het, was hul speenpersentasie 95.8 % (persentasie kalwers gespeen per vroulike diere by die bul).

Vir die afgelope 15 jaar pas hulle 'n goed beplande en volhoubare driehoek kruisteelstelsel toe om heterose te benut. Hulle gebruik drie rasse wat geneties ver van mekaar verwyder is naamlik die Angus, Brahman en Simmentaler. Slegs top gehalte suiwer geteelde bulle van die drie rasse word gebruik en hul BLUP-teelwaardes vir geboortemassa moet op of net onder die rasgemiddelde wees, teelwaardes vir speengewig bó die rasgemiddelde en teelwaardes vir volwasse gewig moet onder die rasgemiddelde wees. Die driehoek kruisteelstelsel verbeter reproduksie van die koeikudde, oorlewingsvermoë,

langslewendheid en speengewigte van kalwers. Die gemiddelde speengewigte van kalwers is 230 - 240 kg op 5 ½ maande ouderdom.

## **Skaapdag by Bismarck Boerdery, Wesselsbron**

Mnr. Theo Delport en sy seun Piet boer in 'n tradisionele mieliegebied waar hulle 'n Merino-bedryfstak met groot sukses ingeskakel het. Diefstal was 'n groot probleem, maar met behulp van sekuriteitswagte is die probleem grootliks opgelos. Omdat 'n groot getal skape op 'n relatiewe klein oppervlakte aangeplante weiding, mieliereste of weimielies aangehou kan word, is die beheer makliker. Wagkoste beloop huidig R7/ooi/maand en hierdie uitgawe word gesien as deel van die produksiekoste.

Weidingvoorsiening vir die somermaande bestaan uit droëlandlusern met 'n drakrag van 12 ooie/ha. 'n Kleiner aanplanting van Smutsvingergras word ook gebruik. Groenvoer, wat die aanplant van radyse insluit, maak voorsiening vir die laat herfs en vroeë winter en mielieresteweiding vir die winter. Skape word jaarliks volgens voorskrif ingeënt teen bloutong, bloednier, slenkalkoors, Wesselsbronsiekte en pasteurella. Dosering word volgens die kleur van oogslymvliese en mismonsters gedoen.



*Boere leer by medeboere. Hier is Thero Wink aan die woord tydens die beesdag op Groenland in die Barkly-Oos distrik. Links is Peter Dormehl van Voermol.*



*Sprekers tydens die skaapdag op Bismarck in die Wesselsbron distrik. Agter van links na regs is Philip Strydom, Besturende Direkteur van Voermol, Prof. Johan Greyling (UVS), Theo en Piet Delport, Hendrik van Pletzen (Voermol) en Jan van Zyl (ENB). Voor is Dr. Jasper Coetzee (Voermol).*





Na skeer word alle skape in 'n dompedip gedip. Die Delports gebruik **Voermol Winslekkonsentraat** (V17865) om hul eie onderhouds- en produksielekke te meng en **Voermol Superfos** (V17422) op somerweidings. Hul reproduksiebestuur behels die toets van ramme ongeveer 20 dae voor die dekseisoen vir vrugbaarheid en geslagsiektes en koggelramme vir nege dae by die ooie. Dektroppe is 'n maksimum van 200 ooie waarby ses ramme vir 42 dae gesit word. Ooie word 40 dae nadat die ramme uitgehaal is,

geskandeer en ooie wat oorslaan, word bemark. Tweelingooie word ongeveer een week voor lam in lamhokke geplaas en bly daar ná lam vir 3 - 5 dae totdat 'n sterk band tussen die ooi en haar lammers gevorm het. BLUP-teelwaardes word by ramaankope gebruik en hul doelwit is om vrugbaarheid en groei te verbeter, sonder om wolproduksie prys te gee. In die produksiejaar wat hulle die kompetisie gewen het, was die speenpersentasie 132 % vir die herfs- en 143 % vir die lentelamseisoen. Hulle skeer elke 7 - 9 maande en hul jaarwolproduksie beloop 6 kg/ooie met 'n skeerselgemiddelde van 20.8 mikron. Hul bruto marge was R522/teelooi.

Die Delports rond ook lammers af om waarde toe te voeg tot mielies. Afhangende van die jaar en omstandighede, word tot 18 000 lammers aangekoop en op weimielies met **Voermol Landelek** (V15414) afgerond. Met baie goeie bestuur word 'n "mielieprys" van R3000/ton gerealiseer met 'n mortaliteitsyfer van so laag as 0.6 %.

Lesings van die twee boeredae is in PowerPoint formaat beskikbaar by [www.voermol.co.za](http://www.voermol.co.za)

## Wenners by die Royalskou

*Angus Williamson, Voermol Voere*

*Die Royalskou in Pietermaritzburg is weereens goed ondersteun deur boere van regoor die land. Die beoordeling van beeste en skape het elke dag, vir 'n week lank, plaasgevind met baie van Voermol se kliënte wat in die wennersirkel gestaan het.*

Die eerste wenners was Steve Church en Garth Ellis van Seven Oaks wat die titel van 'n Kampioen slagos-op-die-hoef" gewen het met hulle Santa Gertrudis-os. Die karkascompetisie is gewen deur Weston Landboukollege van Mooirivier met hulle Simbra-os. Hierdie karkas is teen 'n prys van R50 per kilogram verkoop. Beide deelnemers het **Voermol SB 100** (V4498) gebruik om hulle diere mee te voer. Voermol was ook die hoofborge van die Santa Gertrudis Nasionale Kampioenskappe, met meer as 250 beestelers van regoor Suid-Afrika wat deelgeneem het. Baie geluk aan Elzette van Rooyen en Maria Smit van Clarkolan wat die Groot-kampioenram op die skou vertoon het, met hulle Ile de France-ram wat 'n **Voermol SS 200** (V9592)/ **Voermol Procon 33** (V12701) mengsel gevoer is.

Santa Gertrudis en Voermol is goed verteenwoordig by die Goue Beker met Tina en Willie de Jager van Valley Venture in Vryburg wat die Kampioenbul op skou gehad het, Howard Hobson van Ladybrand wat die Kampioenkoei en Tommy Terblanche van Bloemfontein wat die Superkoei-toekenning gewen het met sy 16-jaar oue Santa-koei met 'n tussenkalfperiode van 342 dae! Al hierdie boere gebruik Voermolprodukte. Nogmaals baie geluk aan al die wenners.



*Voermol kliënt, Tina de Jager met haar Opperste Kampioenbul.*



*Angus Buchan, Angus Williamson en 'n Angusbul by die Royalskou.*



# NAMPO Terugvoer

Mark Barlow, Voermol Voere

*Voermol Voere wil graag hul kliënte en alle ander besoekers bedank wat die Voermolstalletjie gedurende die Nampo-oesfees 2010 te Bothaville besoek het. 'n Rekordgetal besoekers het die afgelope Nampo Oesdag hierdie jaar besoek.*

Daardie boere wat gedurende die Nampo-oesfees bestellings van meer as tien ton afrondingskonsentraat by die Voermolstalletjie geplaas het, is met 'n hoë-kwaliteit Voermolbaadjie beloon. Baie dankie aan 'n ieder en 'n elk wat aan hierdie promosie deelgeneem het. Ons vertrou dat hierdie baadjies baie handig te pas sal kom gedurende die winter.

Die Voermolstalletjie sou net nie dieselfde gewees het sonder die diere waaruit die lewendende tentoonstelling bestaan het nie. Voermol wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om mnr. Herman van der Merwe, Sarel Kriek, Johan Hoffman en Charl de Lange te bedank vir die leen van hul diere gedurende Nampo 2010. U bereidwilligheid om 'n bydrae te lewer in hierdie verband het gehelp om te verseker dat die Voermolstalletjie 'n reuse sukses was.



Voermolstalletjie by Nampo 2010.

UITNODIGING OM DEEL TE NEEM AAN

## 2010 Nasionale Bees- en Skaapboer van die Jaar Kompetisie

### DIE DOEL

Die doel van die Nasionale Bees- en Skaapboer van die Jaar Kompetisie is om aan Suid-Afrika se doeltreffendste veeboere erkenning te gee - met inagneming van hul natuurlike hulpbronne, asook om inligting aan medeboere te verskaf om produktiwiteit te verbeter.

### SKRYF NOU IN

Veeboere kan direk inskryf, deur 'n georganiseerde landbou organisasie of selfs deur 'n individu genomineer word. Inskrywingsvorme kan van [www.voermol.co.za](http://www.voermol.co.za) afgelaai word en is ook landswyd beskikbaar by Voermol agente, TLU SA, AGRI SA, RPO, NWKV en u plaaslike veearts, of stuur net 'n epos aan [info@voermol.co.za](mailto:info@voermol.co.za).

Die sluitingsdatum vir inskrywings is 20 Augustus 2010 en die finaliste en wenners sal aangekondig word by die Gala Dinee in Bloemfontein gedurende November 2010.



Die Wink Broers was die wenners van die 2009 Nasionale Beesboer van die Jaar Kompetisie. Van links na regs is mnr. Jan van Zyl, Hoof: Landbou-inligting en Bemaking van ENB, mnr. Thero Wink en sy vrou Anri, mev. Annatjie Wink en haar man Vian. Foto: Johan Norval.



Die 2009 Nasionale Skaapboer van die Jaar, mnr. Piet Delport, tweede van regs (Bismarck Boardery), en sy vrou Miluschka. Links is mnr. Phillip Strydom, Besturende Direkteur van Voermol en regs mnr. Mike Latsky van BKB. Foto: Johan Norval.

